



Tips for reading stories

Reading stories to children is a great bonding as well as educational activity. But did you know that there are other simple things you can do that help increase what children learn from the stories you share with them? Here are some activity ideas. Try out one at a time. See which ones work best for you and your children.



WHILE READING

- ★ As you read, develop your children's **prediction skills** by asking, "What do you think will happen next?" at some parts of the story.
- ★ Encourage children to **express their feelings** and get them **thinking** and **problem solving** by asking questions like, "How would you feel if that were you?", "Do you think that was the right thing to say/do?" and "What would you have said/done if it were you?"
- ★ Ask your children to look closely at particular details in the **pictures**. Let them count, describe, identify or interpret what they see in the pictures.



AFTER READING

- ★ Together **sing a song** or **say a rhyme** linked to the story.
- ★ Encourage your children to **review** the story by asking them what they liked about it and if there is anything they wished was different.
- ★ Invite children to **draw a picture** of the part of the story they liked the best. If they want to draw something that moves away from the storyline, like a new ending, or if they want to draw themselves as characters, encourage this too!
- ★ **Act out** the story – or part of it – together. Or, just dress up and pretend to be the story characters for an hour or two!
- ★ Get your children **writing**! Let them write a letter to one of the characters. Or, suggest that they write a story of their own that is inspired by the story you have read.

Wenke vir die lees van stories

Om vir kinders stories te lees is 'n wonderlike manier om bande te smee, en is ook 'n opvoedkundige aktiwiteit. Maar het jy geweet daar is ander eenvoudige dinge wat jy kan doen om te help dat kinders meer leer uit die stories wat jy met hulle deel? Hier volg 'n paar idees vir aktiwiteite. Probeer een op 'n slag. Kyk watter werk die beste vir jou en jou kinders.

TERWYL JULLE LEES

- ★ Ontwikkel kinders se **voorspellingsvaardighede** terwyl jy lees deur op sekere plekke in die storie te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
- ★ Moedig kinders aan om **hul gevoelens uit te druk** en laat hulle **dink** en **probleme oplos** deur vrae te vra soos: "Hoe sou jy gevoel het as dit jy was?", "Dink jy dit was die regte ding om te sê/doen?" en "Wat sou jy gesê/gedoen het as dit jy was?"
- ★ Vra jou kinders om baie goed na spesifieke besonderhede in die **prente** te kyk. Vra hulle dan om dit wat hulle in die prente sien te tel, beskryf, identifiseer of interpreteer.

NADAT JULLE GELEES HET

- ★ **Sing saam 'n liedjie** of **sê 'n rym pie op** wat verband hou met die storie.
- ★ Moedig jou kinders aan om die storie te **resenseer** deur vir hulle te vra waarvan hulle in die storie gehou het en of daar enigiets is wat hulle wens anders kon gewees het.
- ★ Nooi kinders om **'n prent te teken** van die deel van die storie waarvan hulle die meeste gehou het. As hulle iets wil teken wat wegbeweeg van die storielyn, soos 'n nuwe einde, of as hulle hulself as karakters wil teken, moedig hulle aan om dit te doen!
- ★ **Voer** die storie – of 'n deel daarvan – saam **op**. Of trek soos die karakters aan en maak vir 'n uur of twee of julle die karakters in die storie is!



- ★ Kry jou kinders aan die **skryf**! Laat hulle 'n brief aan een van die karakters skryf. Of stel voor dat hulle hul eie storie skryf wat geïnspireer is deur die storie wat julle saam gelees het.



Do you need more advice on reading aloud to children? You can find lots of ideas and guidance in our **"How to guides"** in the **"Storytelling"** section of the Nal'ibali website – www.nalibali.org.



Het jy meer advies nodig oor hoe om hardop vir kinders te lees? Jy kan baie idees en leiding vind in ons **"How to guides"** in die **"Storytelling"**-afdeling van die Nal'ibali-webwerf – www.nalibali.org.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Celebrate friendship

International Day of Friendship is celebrated each year on 30 July. Encourage your children to use reading and writing to explore the importance of friends. Here are some activity ideas.

1. Read and tell stories which have friendship as a theme.

1. Lees en vertel stories wat vriendskap as tema het.

2. Make a string of paper dolls and then write one thing that makes a good friend on each doll. (If your children need help with writing, write down the words they suggest for them.) Colour each doll a different colour.

2. Maak 'n papierpopketting en skryf op elke poppie een eienskap van 'n goeie vriend. (As jou kinders hulp nodig het om te skryf, skryf die woorde wat hulle voorstel vir hulle neer.) Kleur elke poppie 'n ander kleur in.

5. On a large sheet of thin cardboard, write why you like your friend. Draw some pictures of things that you know your friend likes, and/or paste pictures of things that you enjoy doing together. Cut the completed cardboard sheet into about eight puzzle pieces. Put them into a box or bag and give them to your friend to put together.

5. Skryf op 'n groot vel dun karton waarom jy van jou vriend hou. Teken dan prente van dinge waarvan jou vriend hou en/of plak prente van dinge wat julle graag saam doen op die karton. Knip die voltooide vel karton in omtrent agt legkaartstukke. Sit dit in 'n boks of sakkie en gee dit vir jou vriend om te bou.

6. Write a poem about friends! On a separate sheet of paper, write down all the words or phrases you think of when you hear the word, "friends". Circle the words or phrases you want to use in your poem. Now write your poem using these words. Add in any other words you need to complete your poem. Give your poem a title. Read your poem aloud!



Vier vriendskap

Internasionale Vriendskapsdag word elke jaar op 30 Julie gevier. Moedig jou kinders aan om lees en skryf te gebruik om te verken hoe belangrik vriende is. Hier is 'n paar idees vir aktiwiteite.

3. Make a Joy Jar for a friend. On strips of paper, write down things that will make a friend feel happy and loved. This could be a personal note, a joke, the name of a song your friend likes, or a reminder of something funny or exciting you did together. Fold up the strips and put them in a jar. Decorate the jar by covering it in paper and then drawing things on it.

3. Maak 'n Vreugdefles vir 'n vriend. Neem 'n paar stroke papier en skryf dinge neer wat 'n vriend gelukkig en geliefd sal laat voel. Dit kan 'n persoonlike nota, 'n grappie, die naam van 'n liedjie waarvan jou vriend hou, of 'n herinnering aan iets snaaks of opwindends wees wat julle saam gedoen het. Vou die stroke op en pak dit in 'n fles. Versier die fles deur dit met papier oor te trek en dan prente daarop te teken.



4. Buy a packet of plain biscuits, like Marie biscuits. Mix some icing sugar with water in a few bowls. (Make sure the mixture is quite stiff.) Add a different food colouring to each bowl. Use a teaspoon to dribble each letter of your friend's name onto a separate biscuit. If your friend has a short name, make flowers and hearts on some biscuits. Let the icing set. Then put the biscuits in a packet and close it by tying a ribbon around it. Give the biscuits to your friend on International Day of Friendship!

4. Koop 'n pakkie gewone koekies, soos Marie-beskuitjies. Meng 'n bietjie versiersuiker met water in 'n paar bakkies. (Maak seker die mengsel is taamlik styf.) Voeg 'n ander kleur voedselkleursel by elke bakkie. Skryf elke letter van jou vriend se naam op 'n ander koekie deur die versiersuiker van 'n teelepel te laat afdrup. As jou vriend 'n kort naam het, maak blomme en hartjies op van die koekies. Laat die versiersuiker hard word. Sit dan die koekies in 'n pakkie en bind dit met 'n lint vas. Gee die koekies vir jou vriend op Internasionale Vriendskapsdag!



6. Skryf 'n gedig oor vriende! Skryf op 'n afsonderlike vel papier al die woorde of frases neer waaraan jy dink wanneer jy die woord "vriende" hoor. Omkring die woorde of frases wat jy in jou gedig wil gebruik. Skryf nou jou gedig deur hierdie woorde te gebruik. Voeg enige ander woorde by wat jy nodig het om jou gedig te voltooi. Gee vir jou gedig 'n titel. Lees jou gedig hardop!



Collect the Nal'ibali characters



Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Neo

Age: 8

Family members: Mbali is his sister; Afrika and Dintle are his cousins; Gogo is his grandmother

Friends: Josh, Bella, Priya, Hope

Favourite colour: red

Favourite snack: ice cream

Likes stories about: adventures and pirates



Here's an idea ...

- ✂ Cut out and colour in the picture of Neo and then paste it on a large sheet of paper. Then do one or more of the following things.
- 🕒 Write a title on the front cover of the book Neo is reading and then draw a picture below the title.
- 🕒 Complete the picture to show where Neo is sitting and reading!
- ✂ Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Nal'ibali characters, use them to create your own Nal'ibali poster!

Versamel die Nal'ibali-karakters

Versamel al jou gunsteling Nal'ibali-karakters deur hulle uit te knip en dan te gebruik om jou eie prente, plakkate, stories, of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Neo

Ouderdom: 8

Familielede: Mbali is sy suster; Afrika en Dintle is sy neef en niggie; Gogo is sy oma

Vriende: Josh, Bella, Priya, Hope

Gunstelingkleur: rooi

Gunstelinghappie: roomys

Hou van stories oor: avonture en seerowers

Hier's 'n idee ...

- ✂ Knip die prent van Neo uit, kleur dit in en plak dit op 'n groot vel papier. Doen dan een of meer van die volgende dinge.
- 🕒 Skryf 'n titel op die voorblad van die boek wat Neo lees en teken 'n prent onder die titel.
- 🕒 Voltooi die prent om te wys waar Neo sit en lees!
- ✂ Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Nal'ibali-karakters versamel het, gebruik dit om jou eie Nal'ibali-plakkaat te maak!

Are you a FUNda Leader?

FUNda Leaders are everyday heroes who believe in the power that literacy has to shape children's lives – and they are spreading the message across South Africa! These literacy foot soldiers are taking action wherever they are and in whatever ways they can to bring stories and books to children. Nal'ibali's FUNda Leaders are bringing change to the reading landscape in both big and small ways. These volunteers are being the change they want to see! They are sparking change in communities across South Africa.

Where can I find out more?

Go to www.nalibali.org to find out more about the FUNda Leader Programme. You'll also find our special *FUNda Leader Kick-off Kit* on our website. It's filled with ideas about how you can help to get South Africa reading. Download it today and get started!

How do I become a FUNda Leader?

Joining the FUNda Leader Network is easy! There are two ways in which you can sign up:

- ★ On the Nal'ibali website – www.nalibali.org.
- ★ By phoning our call centre – 02 11 80 40 80.



FUNda LEADER

Is jy 'n FUNda Leader?

FUNda Leaders is alledaagse helde wat glo in die mag van geletterdheid om kinders se lewens te vorm – en hulle versprei die boodskap regdeur Suid-Afrika! Hierdie geletterdheidsvoetsoldate doen enigiets wat hul kan en waar hulle ook al is, om stories en boeke na kinders te bring. Nal'ibali se FUNda Leaders bring op klein en groot maniere verandering in die leeslandskap. Hierdie vrywilligers is die verandering wat hulle wil sien! Hulle laat verandering in gemeenskappe regoor Suid-Afrika vlam vat.

Waar kan ek meer uitvind?

Gaan na www.nalibali.org om meer oor die FUNda Leader-program uit te vind. Jy sal ook ons spesiale *FUNda Leader-pakket* op ons webwerf vind. Dit is propvol idees oor hoe jy kan help om Suid-Afrika aan die lees te kry. Laai dit vandag af en begin!

Hoe word ek 'n FUNda Leader?

Dit is maklik om by die FUNda Leader-netwerk aan te sluit! Daar is twee maniere waarop jy kan aansluit:

- ★ Op die Nal'ibali-webwerf – www.nalibali.org.
- ★ Deur ons inbelsentrum te skakel – 02 11 80 40 80.



Drive your imagination

Nal'ibali news

Nal'ibali has teamed up with Clowns Without Borders South Africa to put on a series of free literacy-focused shows at libraries in the Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Gauteng and Limpopo. These shows – running from March to October 2019 – aim to encourage communities to see their local libraries as exciting places for people of all ages.

Clowns Without Borders South Africa uses creative ways to raise awareness around social development issues and to spread joy. To date, it has reached nearly half a million children and their caregivers. When talking about the importance of getting children and adults excited about libraries, Suzan Eriksson, the Development Director at Clowns Without Borders, says, "Our experience shows us that the performing arts can be used to mobilise children and families in very effective ways."

The shows encourage families to visit their local libraries, to borrow books responsibly and to sign up for library cards. As part of this initiative, Nal'ibali is offering free training and resources to librarians who are interested in running reading clubs at their libraries. "Children need safe, welcoming spaces where they can make choices about the kinds of stories they want to explore, and Nal'ibali is committed to helping them do this," says Jade Jacobsohn, Managing Director of The Nal'ibali Trust. "We want people to discover storytelling in exciting, meaningful ways."

Libraries have a vital role to play in bringing about a reading revolution in South Africa. Research shows that children who read for pleasure, do better at school. But books are an expensive and scarce resource in our country. Libraries offer children and adults reading material for free – and you can visit them as often as you like!



Actors from Clowns Without Borders South Africa performing in their show in KwaZulu-Natal.

Akteurs van Clowns Without Borders South Africa bied hul vertoning in KwaZulu-Natal aan.

Nal'ibali-nuus

Nal'ibali het met Clowns Without Borders South Africa saamgespan om 'n reeks gratis vertonings wat op geletterdheid fokus by biblioteke in die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Gauteng en Limpopo aan te bied. Hierdie vertonings – wat van Maart tot Oktober 2019 aangebied word – wil gemeenskappe aanmoedig om hul plaaslike biblioteke as opwindende plekke vir mense van alle ouderdomme te sien.

Clowns Without Borders South Africa gebruik kreatiewe maniere om bewustheid rondom maatskaplike-ontwikkelingsvraagstukke te kweek en om vreugde te versprei. Tot op hede het hulle byna 'n halfmiljoen kinders en hul versorgers bereik. Wanneer sy praat oor hoe belangrik dit is om kinders en volwassenes opgewonde te maak oor biblioteke, sê Suzan Eriksson, die Ontwikkelingsdirekteur by Clowns Without Borders, "Ons ervaring wys vir ons dat die uitvoerende kunste gebruik kan word om kinders en families op uiters doeltreffende maniere te mobiliseer."

Die vertonings moedig families aan om hul plaaslike biblioteke te besoek, om boeke op verantwoordelike wyse uit te neem en om aansoek te doen vir biblioteekkaartjies. As deel van hierdie inisiatief bied Nal'ibali gratis opleiding en hulpbronne aan bibliotekarisse wat belangstel om leesklubs by hul biblioteke aan te bied. "Kinders het veilige, verwelkomende ruimtes nodig waar hulle keuses kan maak oor die soort stories wat hulle wil verken, en Nal'ibali is daartoe verbind om hulle te help om dit te doen," sê Jade Jacobsohn, Besturende Direkteur van die Nal'ibali Trust. "Ons wil hê mense moet die vertel van stories op opwindende, sinvolle maniere verken."

Biblioteke speel 'n noodsaaklike rol om 'n leesrevolusie in Suid-Afrika te laat plaasvind. Navorsing toon dat kinders wat vir genot lees, beter vaar op skool. Maar boeke is 'n duur en skaars hulpbron in ons land. Biblioteke bied gratis leesmateriaal aan kinders en volwassenes – en jy kan hulle so gereeld besoek as wat jy wil!



Some of the children enjoying the show.

Kinders geniet die vertoning.

Create TWO cut-out-and-keep books

Joe

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Ma Rosie's pig

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Joe

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.


Ma Rosie se varkie

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.




Drive your imagination

... hoe kan hy dit doen?



... and ate ROSIE TOO!

Hy eet Rosie se hoed. En ook haar een skoen.
Toe maak hy sy bek oop ...



He ate Rosie's hat. He ate up one shoe.
Then opened his mouth ...



"Ma Rosie's pig" is one of ten stories specially written and illustrated for the *Sunday Times Storytime* book which was created for South African children. *Sunday Times Storytime* is available in English, Afrikaans, Sesotho, isiXhosa and isiZulu.



"Ma Rosie se varkie" is een van tien stories wat spesiaal geskryf en geïllustreer is vir die boek, *Sunday Times Storietyd*, wat vir Suid-Afrikaanse kinders geskep is. *Sunday Times Storietyd* is beskikbaar in Engels, Afrikaans, Sesotho, isiXhosa en isiZulu.

Sunday Times

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

Ma Rosie's pig Ma Rosie se varkie



Wendy Hartmann
Joan Rankin



BUT...he ate one more thing AND EXPLODED...
want die vraat eet nog een ding... EN ONTPLOF...

Then put up a sign ...



Toe skryf sy 'n boodskap ...



En wat eet hy toe?
Wel, dit was nog mak,
eers sluk hy die seep, toe die bad en wasbak.

The next thing he ate ...
Well, what do you think?
He swallowed the soap, the bath and the sink.

“Watch out!” said the man. “I know he looks sweet,
but all that pig does, is eat, eat and eat!”

“This pig will be fed twice every day,”
said Mama Rosie as she walked away.

“Oppas,” sê die man, en ek dink hy’t iets beet,
“maar al wat dié vark doen, is eet, eet, eet!”

“By ons in die huis eet ons twee keer per dag,”
sê Ma Rosie en stap aan met ’n glimlag.





... then stomped up the stairs.
... en gaan verder op soek.

But when she got home and opened the gate,
the pig took one look and that's what he ate.

Hulle kom by die huis en stap in by die hek,
maar sommer gou verdwyn dit in die varkie se bek.



Out popped Ma Rosie, the books and the gate
and everything else that greedy pig ate.
The soap and the slippers and Rosie's one shoe.
Also (*thank goodness*) the bath popped out too.

She cleaned up the mess.
Sy vee met die besem.



She washed cat and mouse.
Sy bad kat en muis.




– slange en krulle –

– wiggly squiggly lines –



Reguit lyne,

Straight stripy lines,



en kleurvolle kolle.

and lots of colourful dots.



'n geel driehoek,

a yellow triangle,



Joe



Niki Daly



We publish what we like

This is an adapted version of *Joe*, published as a box set of 4 stories, called, *Little Hands Books 4*, by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in isiZulu, isiXhosa, English, Afrikaans, Setswana, Sesotho, Sepedi, Siswati, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Joe*, uitgegee deur Jacana Media as 'n boksstel van 4 stories, genaamd, *Kleinhandjiesboeke 4*, en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Afrikaans, Setswana, Sesotho, Sepedi, Siswati, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200




Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination




Joe's wonderful paintings.



Joe se pragtige skilderye.



Joe verf graag.



A red square,

'n Rooi vierkant,

a blue circle,

'n blou kol,



Daar kom Ma Rosie, die boek en die hek,
alles jou wrintie uit daai otyie se bek.
En dit was nie al nie, nee, weet jy wat?
Daar kom die pantoffels, die seep en die bad.




fixed curtains and books and polished the floors.
stof gordyne en boeke, sy bly aan die woel.



He crunched up the books ...
Hy hap aan 'n boek ...




He gobbled the cat.
Toe eet hy die kat.



He slurped down the mouse.
Hy smul aan die muis.


Hy eet die gordyne, die tafel en stoel.



He munched all the curtains, the tables, the chairs.

He chewed Rosie’s door and walked into the house.

Toe kou hy die deur af en sê:
“Nou vir die huis.”



Ma Rosie poets vensters,



Poor Rosie scrubbed chairs,

wiped windows and doors,



skrop deure en stoel,

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Ma Rosie's pig* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *Joe* (pages 9 and 10) and *The worst birthday ever* (page 14).



Ma Rosie's pig

- ☉ Do you know other stories about pigs? Read them or tell them!
- ☉ Write a warning note that the man could have given Ma Rosie when he sold her the pig. What advice might he have given to help her look after the pig – and everything else? (Make sure that none of your suggestions would harm the pig or be unkind to it.) You could include some pictures to help explain your advice.
- ☉ Use recycled materials (like egg boxes, bottle tops, plastic bottles, cardboard boxes and cardboard toilet rolls) together with glue, paint and paper to create your own pig.



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Ma Rosie se varkie* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), *Joe* (bladsye 9 en 10) en *Die slegste verjaardag ooit* (bladsy 15).



Ma Rosie se varkie

- ☉ Ken jy ander stories oor varkies? Lees of vertel hulle!
- ☉ Skryf 'n waarskuwingsnota wat die man vir Ma Rosie kon gegee het toe hy die varkie aan haar verkoop het. Watter raad kon hy haar gegee het om haar te help om na die varkie – en alles anders – om te sien? (Maak seker geen van jou voorstelle sal die varkie seermaak of skadelik wees vir die varkie nie.) Jy kan prente insluit om jou te help om jou raad te verduidelik.
- ☉ Gebruik herwinbare materiaal (soos eierboksies, bottelproppies, plastiekbottels, kartonbokse en kartontoiletrolle) saam met gom, verf en papier om jou eie varkie te maak.

Joe

Look at Joe's paintings on pages 6 and 7. Can you find all the things that he painted on pages 3 to 5 in his paintings on pages 6 and 7? Now try drawing or painting your own pictures using the things on pages 3 to 5!



Joe

Kyk na Joe se skilderye op bladsye 6 en 7. Kan jy al die dinge wat hy op bladsye 3 tot 5 gevef het in sy skilderye op bladsye 6 en 7 vind? Probeer nou jou eie prente teken of verf deur die dinge op bladsye 3 tot 5 te gebruik!



The worst birthday ever

- ☉ On your own: Write your own real or imaginary story about an event in the past involving your friends or family members.
- ☉ With friends or family members: Pretend that it is a few years after the end of the story and you are helping Thando make a TV programme about her life. Write down the questions an interviewer might ask Thando, her mother and Santie about what happened in the story. For example, "Santie, how did you feel about living with your aunt and Thando?" Decide who will pretend to be the interviewers and the different characters from the story. Interview the characters using the questions you wrote together.



Die slegste verjaardag ooit

- ☉ Op jou eie: Skryf jou eie ware of denkbeeldige storie oor iets wat in die verlede gebeur het waarby jou maats of familieleden betrokke was.
- ☉ Saam met maats of familieleden: Maak asof dit 'n paar jaar ná die einde van die storie is, en dat jy vir Thando help om 'n TV-program oor haar lewe te maak. Skryf die vrae neer wat 'n onderhoudvoerder dalk vir Thando, haar ma en Santie kan vra oor wat in die storie gebeur het. Byvoorbeeld: "Santie, hoe het jy daarvoor gevoel om saam met jou tante en Thando te woon?" Besluit wie sal maak of hulle die onderhoudvoerders en die verskillende karakters in die storie is. Voer onderhoude met die karakters deur die vrae te gebruik wat julle saam neergeskryf het.





The worst birthday ever

By Zukiswa Wanner ■ Illustrations by Magriet Brink



Hi, my name is Thando. That's isiZulu for love. My mama says it is because she loves me so much. I live with my mum, my cousin Santie, and my aunt Sallie. Santie and her mum just moved into our place two weeks ago. Auntie Sallie is my mum's younger sister. This is the first time I have met her because I overheard Gogo saying her husband did not want her to visit us. They used to live in Mpumalanga before moving to Johannesburg to stay with us. Mum says Auntie Sallie had domestic issues so they had to come and stay with us. She never told me what the domestic issues were.

Santie is the same age as me. Well, no actually, I am four months older.

"Three months and twenty days!" Santie yells out.

"That's four months either way, silly," I say.

"No, it isn't!" she answers back.

As you can see Santie is very argumentative. I do not know why she likes to argue. It's not even her house. So, as I was saying, and I need to whisper this so she doesn't interrupt, "I am four months older than her."

Today is Santie's 11th birthday. My mum says she is going to make it special. Auntie Sallie will be working this evening. She just started waiting on tables at a restaurant in Sandton and could not get a night off. So my mum is taking us to the movies to watch *Jack of the Bushveld*.

I hope it will be fun. We cannot wait. Or rather, I cannot wait. Today has not been fun so far. Anytime I want to play a game and Santie wants to play something else, we have to do what she wants. My mum says I have to play what Santie wants because it is her birthday. I have tried to suggest playing something else, but Santie always screams so that my mum can hear, "But it's my birthday!" I hope next time she has a birthday, she is not here.

After we have had a bath and it is almost time to go to the movies, Mum says she has a present for Santie and me. She has bought us dresses and shoes to wear to the movies. She says it is so that we can look like ladies. That is so lame. Like, why didn't she buy us jeans or something? Santie's dress is like mine, but it is red and mine is yellow. Then we both have the same pair of shoes except her pair is red and mine is yellow. I hate dresses. Santie loves dresses.

"Mum? We are eleven, not seven!" I say to Mum because I am embarrassed at the matching outfits.

My mum looks at me and says, "Wena, Thando, is that a way to say thank you? I will take that dress back to the shop and you will not go to the movies with us. Why can't you be polite like Santie and just say thank you?"

So I say, "Thank you," under my breath.

My mum looks at me and says, "I didn't hear you."

And I say again loudly, "I said THANK YOU."



"That's better. Now go and change," she says. I see Santie smiling and pulling her tongue at me behind my mum's back. I wish I could pinch her. She is so annoying.

We finish dressing up. I really hate this dress, and my mum says, "Let's go girls." We follow her.

When we get in the taxi to go to the movies, the taxi driver says, "What beautiful daughters you have, Madam." So I smile although I know I am better looking than Santie. But then I get upset because he asks my mother, "Are they twins?"

And just as I am about to say no, we are just cousins, my mum says, "No, they are just sisters." She is not my sister. She is my cousin!

We get to the movies and I hope I do not see anyone I know from my school.

And then it happens.

As we are waiting for my mum to buy tickets, I see this cute boy that I like in my class. Siya is walking with his best friend Sam and also going into the movies.

He says to me, "Well hello, Thando, aren't you too old to be dressed in matching outfits?"

You see what I mean? I wish the floor could just open up and swallow me.

"What's that to you? You are just a stupid boy who does not know fashion!" Santie answers.

OMG, why did she do that?

"Yes, whatever, Thando's 'twin'," he says and both he and Sam high five each other and start laughing while pointing at us.

I nudge Santie and say, "What is wrong with you? Why did you have to do that?"

"He was being mean to you. I was just helping you," she answers.

"Thanks a lot! I did not ask for your help. Siya is the cutest guy in my class and now I will be the class joke," I say angrily.

"Is he your boyfriend?" she says rolling her eyes.

"Of course not," I say. I wish he was my boyfriend, but now he will never be, thanks to her big mouth.

"Oh oh, Thando's got a boyfriend, Thando's got a boyfriend ..." she chants.

It is at that moment that my mum comes back and asks Santie, "What's that, Sweetie?"

And Santie says, "Nothing, Auntie. Thando and I were just joking."

And my mum says, "Okay," and hands each of us a box of popcorn, a soda and some Smarties.

"Thank you so much, Auntie, this is the best birthday ever," Santie says kissing my mum's cheek.

My mum smiles and says, "Oh darling, it's nothing. I promise to make next year even better."

Kill me now. This is the worst birthday ever. And it is not even my birthday. Also, Santie is going to be here next year?

When I grow up I want to be a documentary film maker. I am not sure exactly what they do, but a woman who came to our school said that she was one, and it sounded very cool. She said she records stories. So I am recording this story so that when Santie is grown up, she too will remember that this was the worst birthday ever!



Drive your
imagination



Die slegste verjaardag ooit

Deur Zukiswa Wanner ■ Illustrasies deur Magriet Brink



Hallo, my naam is Thando. Dis isiZulu vir liefde. My mamma sê ek het dié naam omdat sy so lief is vir my. Ek woon saam met my ma, my niggie Santie, en my tannie Sallie. Santie en haar ma het eers twee weke gelede by ons ingetrek. Tannie Sallie is my ma se jonger suster. Dit is die eerste keer dat ek haar ontmoet, want ek het gehoor toe Gogo sê haar man wil nie hê sy moet by ons kom kuier nie. Hulle het in Mpumalanga gewoon voor hulle Johannesburg toe gekom het om by ons te kom woon. Ma sê Tannie Sallie het gesinsprobleme en hulle moes toe by ons kom woon. Sy het nooit vir my vertel wat die gesinsprobleme is nie.



Santie is net so oud soos ek. Wel, eintlik nie. Ek is vier maande ouer as sy.

"Drie maande en twintig dae!" skree Santie.

"Dis in elk geval amper vier maande, simpel," sê ek.

"Nee, dit is nie!" antwoord sy terug.

Soos jy kan sien, is Santie baie strykerig. Ek weet nie hoekom sy daarvan hou om te stry nie. Dis nie eens haar huis nie. Soos ek gesê het – ek moet nou fluister sodat sy my nie onderbreek nie – "Ek is vier maande ouer as sy."

Vandag is Santie se elfde verjaardag. My ma sê sy gaan dit spesiaal maak. Tannie Sallie moet vanaand gaan werk. Sy het so pas begin werk as 'n kelnerin by 'n restaurant in Sandton en kan nie die aand afkry nie. My ma gaan ons dus neem om te gaan fliek. Ons gaan *Jock of the Bushveld* kyk.

Ek hoop dit gaan pret wees. Ons kan nie wag nie. Of eerder, ek kan nie wag nie. Tot dusver was vandag nie juis pret nie. Elke keer as ek 'n speletjie wil speel en Santie wil iets anders speel, moet ons doen wat sy wil doen. My ma sê ek moet speel wat Santie wil speel, want dit is haar verjaardag. Ek het ander speletjies probeer voorstel, maar Santie skree elke keer sodat my ma kan hoor: "Maar dis my verjaardag!" Ek hoop nie sy is nog hier as sy weer verjaar nie.

Nadat ons gebad het en dit amper tyd is om fliek toe te gaan, sê ma sy het 'n present vir my en Santie. Sy het vir ons rokke en skoene gekoop om aan te trek wanneer ons gaan fliek. Sy sê dit is sodat ons soos jong dames kan lyk. Dis so outyds. Hoekom koop sy nie eerder vir ons jeans of iets nie? Santie se rok lyk soos myne, maar dis rooi en myne is geel. En dan het ons nog dieselfde soort skoene ook, maar hare is rooi en myne is geel. Ek haat rokke. Santie is mal oor rokke.

"Ma? Ons is elf, nie sewe nie!" sê ek vir my ma, want ek is verleë oor ons klere wat bymekaar pas.

My ma kyk na my en sê: "Wena, Thando, is dit hoe jy dankie sê? Ek sal daardie rok terugvat na die winkel toe en dan sal jy nie saam met ons gaan fliek nie. Wees tog net so hofflik soos Santie en sê eerder dankie."

Ek mompel saggies: "Dankie."

My ma kyk na my en sê: "Ek kan niks hoor nie."

En ek sê weer hard: "Ek het gesê, DANKIE."



"Dis beter. Gaan trek nou aan," sê sy. Ek sien Santie glimlag en trek vir my gesig agter my ma se rug. Ek wens ek kan haar knyp. Sy is so irriterend.

Ons trek klaar aan. Ek haat regtig hierdie rok, maar my ma sê: "Kom ons gaan, meisies." Ons volg haar.

Toe ons in die taxi klim om fliek toe te gaan, sê die taxibestuurder: "Jy het darem pragtige dogters, Mevrouw." Ek glimlag, al weet ek ek is mooier as Santie. Maar dan raak ek vies, want hy vra vir my ma: "Is hulle 'n tweeling?"

En net toe ek wil sê nee, ons is net niggies, sê my ma: "Nee, hulle is net susters." Sy is nie my suster nie. Sy is my niggie!

Ons kom by die fliek aan en ek hoop ek sien niemand van my skool nie.

En toe gebeur dit.

Terwyl ons vir my ma wag om kaartjies te koop, sien ek hierdie oulike ou van wie ek hou en wat in my klas is. Siya is saam met sy beste maat Sam, en hulle gaan ook fliek.

Hy sê vir my: "Hallo, Thando, is julle nie 'n bietjie oud vir soortgelyke uitrustings nie?"

Sien jy wat ek bedoel? Ek wens die grond wil my insluk.

"Wat het dit met jou te doen? Jy is net 'n oningeligte outjie wat niks van modes af weet nie!" antwoord Santie.

Agge nee, hoekom het sy dit gesê?

"Ja, wat ook al, Thando se 'tweeling'," sê hy en hy en Sam gee vir mekaar 'n *high five* en begin lag terwyl hulle na ons wys.

Ek stamp aan Santie en sê: "Wat's fout met jou? Hoekom het jy dit gedoen?"

"Hy was naas met jou. Ek het jou net gehelp," antwoord sy.

"Baie dankie! Ek het nie jou hulp gevra nie. Siya is die oulikste ou in my klas en nou sal ek die gek in die klas wees," sê ek kwaad.

"Is hy jou kêrel?" sê sy en rol haar oë.

"Natuurlik nie," sê ek. Ek wens hy was my kêrel, maar nou sal hy nooit wees nie, alles oor haar groot mond.

"Oe, oe, Thando het 'n kêrel, Thando het 'n kêrel ..." sing sy.

Net toe kom my ma terug en vra vir Santie: "Wat sê jy, skat?"

En Santie sê: "Niks nie, Tannie. Thando en ek maak sommer grappies."

En my ma sê: "Goed dan," en sy gee vir elkeen van ons 'n boks springmielies, 'n koeldrank en Smarties.

"Baie dankie, Tannie, dis my beste verjaardag ooit," sê Santie en soen my ma op haar wang.

My ma glimlag en sê: "Ag, skat, dis niks. Ek belowe ek sal dit volgende jaar nog beter maak."

Laat ek tog nou dood neerslaan. Dit is die slegste verjaardag ooit. En dis nie eens my verjaardag nie. En Santie gaan boonop volgende jaar nog hier wees.

Wanneer ek groot is, wil ek 'n dokumentêre filmmaker wees. Ek is nie seker presies wat hulle doen nie, maar 'n vrou het na ons skool toe gekom en gesê sy is een, en dit klink baie *cool*. Sy het gesê sy teken stories op. Daarom teken ek hierdie storie op, sodat wanneer Santie groot is, sy ook sal onthou dat hierdie die slegste verjaardag ooit was!



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret


1.

Follow the instructions to make a friendship card for a special friend.

- ① Cut out the card along the red dotted line.
- ② Fold the card along the black dotted line.
- ③ Glue the two parts together.
- ④ On the side with the picture, write a message to your friend. Colour in the picture.
- ⑤ On the other side, draw a picture of you and your friend together, or write a poem or a longer message.

Volg die instruksies om 'n vriendskapskaartjie vir 'n spesiale vriend te maak.


- ① Knip die kaartjie op die rooi stippellyn uit.
- ② Vou die kaartjie op die swart stippellyn.
- ③ Plak die twee dele met gom aan mekaar vas.
- ④ Skryf aan die kant met die prent 'n boodskap aan jou vriend. Kleur die prent in.
- ⑤ Teken aan die ander kant 'n prent van jou en jou vriend saam, of skryf 'n gedig of 'n langer boodskap.



2.

Neo has invited his friends to join him for a picnic! Help them find their way to the picnic.

Neo het sy maats genooi om saam met hom te gaan piekniek hou! Help hulle om hul pad na die piekniek te vind.



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org
www.nalibali.mobi
[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)
[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)
[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)
info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your imagination

